



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY


FASILITEITSBESTUUR

BGV Induksiegids

FASILITEITSBESTUUR
BGV Induksiegids



VEILIGHEIDSINDUKSIE



Afkortings:

- VGO Veiligheid, Gesondheid en Omgewing
- PBT Persoonsbeskermtouerusting
- WBGV Wet op Beroepsgeondheid en Veiligheid
- SOP Standaard Operasionele Prosedure
- MSDS Materiaalveiligheid-datablad
- BGV Beroepsgeondheid en Veiligheid

Inhoud

Doel en uitkomste
Werkgawe se pligte
Werknemer se pligte
Alkohol en dwelms
Onveilige optrede
Aggressie
Aanmeld
Aanmeldreaksie
Rook
Onveilige toestande
Soorte insidente
Insidentaanmelding
Ontruimings
Persoonsbeskermtouerusting
Gereedskap
Huishoudelike sake
Afbakening en naamborde
Masjinerie en uitsluitprosedures
Permitte vir veilige werk
Afgebakende plekke, gevaaarlike stowwe
Toegangsinligting

DOEL EN UITKOMSTE

Hierdie opleiding verseker dat alle werknemers, studente, eksterne kontrakteurs en besoekers aan die Universiteit bemagtig word met die kennis om só op te tree dat die veiligheid, gesondheid en werkomgewing van almal daardeur gedien word.

Die uitkomste is dat al die partye oor die vermoë sal beskik om die wetlike en Universiteitsvereistes betreffende Beroepsgesondheid-en-veiligheidwetgewing te verstaan.

WERKGEWERSPLIGTE

Die WBGV, wet 85 van 1993, bepaal dat die werkewer verplig is om 'n werkomgewing wat veilig en sonder risiko vir die beroepsgesondheid en veiligheid van werknemers is, tot stand te bring en te onderhou.

VEILIGHEIDSOPTREDE WAT VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH (US) VEREIS WORD

- Bepaal watter gevare daar in elke bedryfsarea is.
- Evalueer die aangewese voorsorgmaatreëls wat vereis word om die gevaar te verwyn.
- Neem stappe om afwykings en nievoldoening reg te stel.
- Verskaf gepaste opleiding in die risiko's en gedragsvereistes.
- Dwing wetlike, voorkomende en korrektiewe maatreëls af.

INDUKSIEOPLEIDING WORD VEREIS VIR:

- Nuwe werknemers
- Nuwe wetgewing
- Eksterne kontrakwerkers
- Oorplasings (interdepartementeel)
- Nuwe prosesse of toerusting
- Hersiene of bygewerkte prosedures

BENOEMDE PERSONE WAT VGO-SAKE MOET HANTEER

Bestuursaanstellings

- Rektor – WBGV, artikel 16(1)
- Dekane – WBGV, artikel 16(2)
- Afdelingsbestuurders – WBGV, artikel 8(2)(i)
- Departementeel bestuurders – WBGV, artikel 8(2)(i)
- Veiligheidskomiteevorsitters – WBGV, artikel 19
- WBGV-beampes – WBGV, artikel 17

Hulpaanstellings

- WBGV-verteenwoordigers
- Noodhulpbeampes
- Brandbestrydingsbeampes
- Incidentondersoekers
- Noodhulopoördineerders
- Brandkoördineerders
- Kennisgewings- en naambordinspekteurs
- Komiteelede
- Brandtoerustinginspekteurs

OPLEIDING

BASIESE VEILIGHEIDSOPLEIDING WAT VEILIGHEIDSKOMITEELEDE MOET ONDERGAAN

Opleidingsdatums en -kursusse word op Oracle gedoen.

- Eerstehulp
- Brandbestryding
- Incidentondersoek
- Gesondheids- en Veiligheidsverteenwoordigers



Die benoemde persone moet opgelei word om die volgende funksies doeltreffend te kan uitvoer:

- Identifiseer bedreigings/risiko's
- Beveel kontrolemaatreëls aan
- Voer risikoberamings vir die betrokke omgewing uit
- Gee stelselsteun (Sharepoint)
- Doen veiligheidsinspeksies en skryf maandelikse inspeksieverslae
- Gee nooddulp en brandbystand waar nodig



TOEGANG TOT INLITGING

Sharepoint en die US Personeelportaal

- Berging van BGV-dokumente: Ouditverslae; Aanstellingsbriewe; Inspeksieregisters; Opleidingsertifikate
- Opleidingskursusse: Beskikbaar op Oracle
- Beleide, procedures en riglyne: Afvalbestuur; Wapenvrye kampus; Gebruik van kampusgeboue;
- Gebeurebestuur; Wetgewing; Wette; Boomsloping
- Vorms: Beserings aan diens; Dienstvlakoordekomste; Aanstelling van veiligheidskomitees; Registers

PLIGTE VAN WERKNEMERS/STUDENTE

- Rapporteer alle onveilige werktoestande dadelik aan jou bestuurder; meld ook enige onveilige optrede van jou kollegas dadelik by jou BVGE-verteenwoordiger of bestuurder aan.
- Moenie persoonsbeskermtouerusting misbruik of verkeerd aanwend nie; dra altyd jou PBT waar nodig.
- Sorg dat jy sober by die werk opdaag. Moenie die aand voor werk partytjie hou nie, aangesien laat nagte en 'n gebrek aan slaap jou roekeloos en nalatig kan maak.
- Sien om na jou eie veiligheid en die van jou medewerknemers. Indien jy iets opmerk wat beserings of skade kan veroorsaak, rapporteer dit of stel dit dadelik reg.
- Gehoorsaam enige wetlike of Universiteitsinstruksie oor veiligheid. Die reëls is gemaak om jou te beskerm.
- Vind uit wie is die voorsitter en lede van die veiligheidskomitee, asook die persone wat die eerste moet reageer in jou omgewing.

JY is verantwoordelik vir jou eie veiligheid.

Nievoldoening kan tot ernstige beserings of selfs die dood lei.

ALKOHOL & DWELMS

ROOK

Alkohol en dwelms verminder 'n persoon se vermoë om BGV-bedreigings in die werkplek raak te sien en daarop te reageer.

Alkohol- en dwelmmisbruik stel 'n mens se eie lewe en die van ander in gevaar.

Werknemers en studente moet aan die Universiteit se reëls en procedures in verband met rook in die werkplek voldoen.

Rook in US-geboue is onderworpe aan die bepalings van antirookwetgewing in Suid-Afrika.

ONVEILIGE OPTREDE

- Moenie jou medestudente of kolgas poest nie, aangesien dit maklik tot ernstige beserings of selfs iemand se dood kan lei.
- Dit is gevaaerlik om met masjiene te werk waarvan die beskermdele ontbreek. Meld defekte masjinerie sonder beskermdele dadelik aan.
- Dit is uiters gevaaerlik om aan die bewegende dele van 'n masjien te vat wanneer dit in bedryf is. Dit kan tot die verlies van 'n ledemaat of selfs die dood lei. Skakel masjiene af wanneer jy aan enige onderdele moet raak.
- Let op dat dit natig is om nie PBT te dra nie en dat dit tot ernstige beserings of selfs tot langtermynsiektes kan lei.
- Kyk mooi waar jy trap. Jy kan ernstige beserings opdoen deur oor goed te struikel of te val.

ONVEILIGE TOESTANDE

Daar is 'n hele verskeidenheid onveilige toestande, byvoorbeeld:

- Masjinerie (sonder beskermdele)
- Swak verligting
- Nat vloere
- Storting van gevaaerlike stowwe
- Masjiengeraas
- Slordige bedrading
- Laboratoriums

ONTRUIMINGS

- Ontruimingsroetes in verskeie areas van die Universiteit moet duidelik gemerk wees.
- Moenie die hysbakke tydens 'n ontruiming gebruik nie. Hysbakke moet outomaties na die grondverdieping terugkeer wanneer die ontruimingsalarm loei.
- Indien jy nie in jou departement is wanneer 'n noodontruiming ontstaan nie, maak seker dat jy by die naaste versamelpunt aanmeld.
- Loop vinnig, maar kalm by die gebou uit. Paniek en 'n hardloper veroorsaak onnodige ongelukke en beserings.
- Moet nêrens anders heen gaan nie, moenie na jou vriende gaan soek nie of na ander plekke beweeg nie. Gaan direk na die versamelpunt.
- Verstrek jou naam aan die persoon in bevel om te verseker dat niemand na die gevaaerlike plek hoef terug te keer om jou te gaan soek nie.

VEILIGHEIDSTEKENS

- Verskeie tekens word gebruik om potensiële gevairsituasies in spesifieke areas aan te duい. Leer hierdie tekens ken, bestudeer die borde wat op die terrein vertoon word en vind uit wat elkeen beteken.
- Deur al hierdie tekens te gehoorsaam word lewens gered en beserings voorkom!

Waarskuwing: Swart driehoek op geel agtergrond



Verbiedend: Rooi (rond) op wit agtergrond



Inligting: Wit op groen agtergrond



Gebiedend: Wit op blou agtergrond




Brandinligting: Rooi (vierkant) op wit agtergrond



RAPPORTERING VAN INCIDENTE & ONVEILIGE TOESTANDE

Rapporteer aktiwiteit of gebeure wat beserings aan werknekmers en/of skade aan fasilitete en toerusting kan veroorsaak, of veroorsaak het, onmiddellik.

- Onveilige optrede of toestande
- Aggressiewe gedrag deur medewerknekmers
- Dronkenskap, disoriëntasie van watter aard ook al, aangetaste spraak
- Beserings
- Besoedeling
- Skade aan die omgewing: Onwettige storting en gevaaalike stowwe wat nie in stormwaterriole hoort nie
- Motorongelukke
- Skade aan eiendom
- Amper-ongelukke ("iets wat amper gebeur het")
- Laboratoriumbeserings
- Nievoldoening



- Rapporteer alle beserings voor die einde van die dag of die skof. Geen besering is te klein nie, aangesien elke ongeluk 'n impak op die US het.
- Rapporteer aan die bestuurder, VGO-verteenwoordiger of noodhulpbeampte.
- Ondersoeke word gedoen om die gebeure reg te stel of herhalings daarvan te voorkom (chemiese stowwe, masjinerie, tendense, ens).
- Uitsonderings op die reël is beserings wat oor 'n lang tydperk plaasvind, byvoorbeeld gehoorverlies, rugooreising en verlies van gesigskerpte.

PERSOONSBESKERMTOERUSTING (PBT)

- Jou risikoberamings en werk-/studiewaarnemings sal die vereiste PBT bepaal.
- Jou bestuurder sal die korrekte PBT aan jou uitrek.
- Dit is jou verantwoordelikheid om die PBT in 'n netjiese, skoon en werkende toestand te hou.
- Moenie beschadigde, reggemaakte of beskermtoerusting waarvan die verval datum verstryk het, gebruik nie.
- Dra altyd die vereiste PBT vir die werk/taak wat jy moet uitvoer.
- Die dra van jou PBT kan jou lewe red, of 'n ongeluk voorkom wat 'n ander persoon se dood of gestremdheid kan veroorsaak.



HUISHOUDELIKE SAKE

'N PLEK VIR ALS, EN ALS OP SY PLEK!

- Hou werk-, leef- en leerruimtes netjies en ordelik.
- Sorg dat nooduitgange, brandtoerusting en ontruimingsareas maklik bereikbaar is.
- Identifiseer stoorareas en baken dit duidelik af.
- Indien jy iets uitstort, maak dit skoon! Dit geld vir produksieareas, kombuise, kafeterias, of enige ander areas waar vloeistowwe, poeiers, korrels of deeltjies teenwoordig is.
- Die versperring van voetgangerareas of geblokkeerde brandtoerusting veroorsaak ongelukke en beserings. Berg alle toerusting, masjinerie, werktuie en voertuie in afgebakende stoorareas wanneer dit nie gebruik word nie.
- Hou koshuiskamers en -gange netjies.



MASJINERIE EN UITSLUITPROSEDURES

- Geen persoon mag met 'n masjien werk tensy die beskermende dele daarvan veilig en stewig vas is of die bestuurder die masjien veilig vir gebruik verklaar het nie.
- Alle werknemers en studente wat met masjinerie werk moet uitsluitopleiding ondergaan en aan die SOP wat deur die US geïmplementeer is, voldoen.
- Die spanleiers by FB word opgelei en gemagtig om uitsluitprosedures, warmwerkpermitte en toegang tot afgebakende plekke uit te reik.
- Hierdie aspekte moet ook opgevolg word aan die hand van risikoberamings en formele dokumentasie.
- Maak seker dat alle masjinerie uitgesluit is voordat daar met herstelwerk/onderhoud begin word.

PERMITTE VIR VEILIGE WERK

Personeel en studente het werkpermitte nodig vir:

- Werk in afgebakende of ingeslote plekke
- Werk op hoogteposisies (bv. lere, steierwerk): Jaarlikse mediese evaluerings verpligtend
- Werk aan dakke of plafonne (bv. op hoë plekke): Jaarlikse mediese evaluerings verpligtend
- Sweiswerk, vlamsnywerk, soldeerwerk of soortgelyke werk (gewoonlik warmwerk)
- Werk in ontvlambare areas (bv. stoorpunte vir gevaarlike chemiese stowwe)
- Werk aan energiebronne
- Werk in houers, of in tenks (kelders)
- Werk oor water.

Alle bestuurders, ambagslui en verantwoordelike persone (ekstern/intern) moet by die standarde hou wat in die betrokke prosedure neergelê is.

NB: Vul 'n permit vir veilige werk in voordat enigeen van die aktiwiteite uitgevoer word.

GEVAARLIKE STOWWE

Personeel en studente moet op die volgende reëls let:

- Hou 'n toegangsregister en hou dit by vir elke betrokke area.
- Maak seker dat slegs opgeleide en gemagtigde persone die plekke waar gevaarlike stowwe geberg word of afgebakende/ingeslote ruimtes binngaan.
- Maak seker dat ondersteunende dokumentasie vir alle gevaarlike materiale gelewer is (materiaalveiligheid-datablad [MSDS] is gelewer).
- Onthou die MSDS help operateurs om te besluit watter PBT nodig is vir die veilige hantering van hierdie stowwe.
- Wees versigtig! Onthou chemiese stowwe beland in die liggaam deur inaseming, absorpsie deur die vel, en voedselinname.
- Let daarop dat gevaarlike stowwe in een of meer van die volgende kategorieë verdeel word:
 - Korroderende materiale
 - Giftige materiale
 - Gevaarlike gasse

Hoe kan 'n mens gevaarlike stowwe uitken?

- Lees die etikette op die houer of bottel, wat die inhoud sal uiteensit.
- Bestudeer die MSDS of inligtingsbrosjures.